Padda-identifisering

"Soek uit die verlede alles wat skoon en edel is en bou daarop vir die toekoms"
- Paul Kruger

Doelwit: Om die Verkenner bewus te maak van paddas in sy/haar omgewing, wat hulle bedreig en wat elkeen kan doen om hulle te bewaar.

Weergawe: 2009.0
Datum: Oktober 2009

Begronding

Voortrekkerkode:
6: 'n Voortrekker waardeer en bewaar sy omgewing.
9: 'n Voortrekker is oplettend en weerbaar.

ABC: Suidelike Afrika het 'n baie besondere en unieke amfibiëer diversiteit en deur hul te bestudeer kom mens weereens onder die besef hoe wonderlik die skepping is. Elke soort padda is uniek met sy unieke roep, gewoontes en oorlewingstrategieë.

Aanbiedingsmetodes

Tydsduur:	Minstens 2 dae	Graadgroep:	8 – 12
Voorvereistes:	Toegang tot literatuur en die internet		
Aanbieding:	• Die spesialisasie kan in spanverband of op 'n kamp gedoen word. • Die aanbieder hoef nie 'n spesialis in die veld te wees nie, aangesien gebruikersvriendelike hulpmiddels beskikbaar is.		
Toekennings instansie:	Kommando of Gebiedskampe		

Hulpmiddels

Boeke:

- Du Preez, L.H. & Carruthers, V.C. 2009. A complete guide to frogs of Southern Africa. Random House Struik.
- Carruthers, V.C. 2001. Frogs and Frogging in Southern Africa. Struik.

Identifikasies

'n Sleutel tot die identifikasie van paddas en paddavisse in Suidelike Afrika kan afgelaai word by die volgende webadres: http://www.puk.ac.za/fakulteite/natuur/soo/drk/aacrg/Frogbook/frogbook_e.html

Uitkomste

Om die kenteken te verwerf moet die Verkenner:

1. Uitvind hoeveel spesies paddas in Suid-Afrika aangetref word en hoeveel in sy / haar omgewing voorkom.

2. Die volgende vrae kan antwoord:
   - 2.1 Is enige paddas in Suid Afrika vir die mens gevaarlik?
   - 2.2 Bestaan daar paddas wat vir die mens dodelik kan wees en indien wel waar kom hulle voor?
   - 2.3 In watter opsigte is paddas goed in die omgewing en vir die mens.
   - 2.4 Watter ander amfibiëers kry mens behalwe paddas? Kom hulle in Suid Afrika voor?

Padda-identifisering

3. As groep ’n bespreking voer oor die bewaring van paddas. Gesels oor:
   - 3.1 Watter spesies paddas in ons land bedreig is, en of enige bedreigde spesies in die omgewing waar die studie onderneem word aangetref word.
   - 3.2 Wat bedreig paddas in jou omgewing?
   - 3.3 Wat gedoen kan word om die situasie te verbeter.
   - 3.4 Hoe die algemene publiek ingelig kan word en meer sensitief te maak vir hul omgewing.

4. As groep uitgaan na ’n dammetjie of vleigebied en daar die paddas te bestudeer. Doen die volgende:
   - 4.1 Luister na die roepe en probeer die roepe identifiseer. (Die boeke hierbo genoem het beide ’n CD met die roepe agter in die boek)
   - 4.2 Soek nou die paddas. Verdeel in groepies en laat een of of ‚n klein groepe verkenners ’n spesifieke padda dophou en notas maak van wat die padda doen.
   - 4.3 Soek vir paddavisse in die water en kyk of verskillende tipe paddavisse gevind kan word.
   - 4.4 Elke verkenner moet dan ‘n verslag indien of ’n mondelinge verslag lewer wat die volgende insluit ten opsigte van al die paddas wat waargeneem is. Werkverdeling kan binne spanverband gedoen word en elke verkenner kan oor een of twee soorte paddas verslag doen.
     - Wetenskaplike naam
     - Volksnaam
     - Foto
     - Beskrywing van die padda se kleur en bou.
     - Beskrywing van die habitat waar die padda gevind is (in water/naby water/droeë land) en (op grond/op plantegroei).
     - Beskryf wat die padda gedoen het (roep/voed/rondloop/stilsit)

5. Ten minste vyf paddas op hul roep en uitwendige bou kan identifiseer.